

Hoofstuk van die dag: Lukas 2

> *Skielik was daar saam met die engel ’n hemelse menigte wat God loof … (vers 13, 2020-vertaling)*

Die hart van enige ouer wil bars van trots by die geboorte van ’n kindjie, en jy nie kan wag om dié nuus met jou vriende te deel nie. Iets daarvan staan ook in Lukas 2. Die geboorte van sy Seun laat God se hart swel, en Hy deel die nuus dadelik met

mense vir wie Hy lief is – die skaapwagters (vers 8); eenvoudige mense, mense wat weet wat dit beteken om afhanklik van God te wees (Matt 5:3).
Dit lyk asof al die engele by wou wees vir dié aankondiging (vers 13). Ons is geneig om die evangelie te verskraal tot ’n boodskap vir onsself. Natuurlik is dit ’n boodskap vir ons. Maar dit gaan nié net om ons nie. Ook die engele juig. Hulle is óók geraak deur die stukkendheid van die wêreld. Hulle sien óók uit na die verlossing.
Dis nie net ons wat ly onder die sondeval nie. Die ganse geskape werklikheid ly daaronder. Die hele skepping sug saam met ons in verwagting op die openbaarmaking van die heerlikheid van God (Rom 8:22).
Die Seun se koms na die aarde is goeie nuus vir die hele skepping.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026